AANHEGSEL 2 (Promosie materiaal vir WTL Seminaar oor "Emerging" Kerk)

SEMINAAR OOR DIE POSTMODERNE ONTLUIKENDE KERK ("EMERGING CHURCH")

Sedert die vrystelling van die dokumentêre DVD *Nuwe Strominge in die Teologie: Word die Hart van die Evangelie Uitgeruk?*, het daar heelwat ander strome besoedelde water in die groot teologiese en kerklike see gevloei. Terwyl talle "wagters op die mure" steeds besig is om te waarsku en te stry teen vorige dwaalstrominge, het die **mees resente stroom van geestelike misleiding byna ongemerk die Christelike Kerk wêreldwyd oorspoel.** Hierdie uiters subtiele postmoderne "herverwoording" van die Evangelie staan bekend as die ***Ontluikende Kerk (Emerging Church)***, en is besig om in 'n toenemende mate 'n alles omvattende paradigma verskuiwing in elke faset van die Christendom teweeg te bring.

In hulle soeke na "nuwe maniere van kerkwees" in 'n postmoderne tyd, het verskeie leiers van die *Ontluikende Kerk* gaan **kers opsteek by van die voorste New Age denkers en Intergeloofs-mistici** in die wêreld. In sy boek ***Quantum Spirituality: A Postmodern Apologetic*** beskryf bekende *Emergent*-leier **Leonard Sweet, New Agers soos Matthew Fox, M. Scott Peck, Ken Wilber en David Spangler** as **"New Light Leaders"** en sê dat hulle sy persoonlike rolmodelle en vernaamste leermeesters is. **Rob Bell**, 'n ander baie prominente *Ontluikende Kerk*-leier, begelei sy gemeentelede in die doen van **Joga-oefeninge** tydens "eredienste". Die **Hindoe "Joga Meesters"**, beweer hy, kan ons leer hoe om waarlik volgelinge van Jesus te wees. In sy boek ***Velvet Elvis,*** propageer hy die boek van **New Ager Ken Wilber** oor **"Integrale Spiritualiteit".** (Soos 'n ware postmodernis sê Wilber op sy webtuiste dat "Integrale Spiritualiteit" die hoogste vlak van spiritualiteit is waar mens ontdek dat jy uitgestyg het bo uitgediende idees dat een Godsdiens waar en 'n ander onwaar is.) **Rob Bell** was ook verder 'n aktiewe deelnemer aan die groot ***Seeds of Compassion*** Intergeloofs-konferensie van die **Dalai Lama**, Boeddhistiese leier van Tibet. Die *Emergent* leier **Brain McLaren,** verkondig op sy beurt dat Boeddhiste, Hindoes en Jode "volgelinge van Jesus" kan word sonder om hulle oorspronklike geloof te verlaat en Christene te word.

Talle sg **"behoudende" Suid Afrikaanse teoloë en kerkleiers** wat nie deur vorige dwaalstrome soos die *Jesus Seminar* en *Nuwe Hervorming* meegesleur was nie, het nou blykbaar **met groot ywer ingekoop op *Emergent*.** In 'n poging om die kerk "relevant" te maak vir die postmoderne mens, het hierdie teoloë die **deure van die kerk in SA wyd oopgegooi vir *Emergent* leiers soos Leonard Sweet, Rob Bell, Brain McLaren, Tony Jones, Erwin McManus,** ens. In sy boek ***Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n Postmoderne Wêreld,*** propageer **prof Nelus Niemandt** van Tukkies hierdie bg *Emergent*-leiers, hulle idees en die postmoderne paradigma sonder enige voorbehoude. Onder die opskrif: ***My kop is geswaai,*** skryf die bekende **prof Stephan Joubert** in sy voorwoord tot die boek: "Nelus Niemandt is een van die invloedrykste denkers…Sy insigte is asemrowend…" Die *Nuwe Drome* boek sê hy, is 'n "absolute juweel…kop-oopmaak materiaal …horison-verskuiwend…sonder twyfel die belangrikste boek op die Suid-Afrikaanse kerklike toneel…". Joubert skryf verder: "Nelus het goed daarin geslaag om die insigte van die **mees invloedryke eietydse denkers oor kerkwees** in homself te internaliseer en op vars maniere te verwoord!"

Dit is 'n tragiese dag vir die Kerk wanneer "behoudende" teoloë na wie baie opsien vir leiding, die lof besing van "wolwe in skaapsklere" en die deur van die skaapkraal opgooi vir hierdie sg "mees invloedryke eietydse denkers oor kerkwees". Of hierdie teoloë dit uit onkunde doen en of hulle presies weet wat hulle doen, kan 'n mens maar net wonder. Hoe dit ookal sy, die dodelike effek op niksvermoedende lidmate van die Kerk bly egter dieselfde – en dit is nie net die skape nie, maar ook die lammertjies wat ter slagting gelei word! Nelus Niemandt se ***Nuwe Drome*** **is nou 'n voorgeskrewe boek vir teologiese studente.** Op die "blogsite" van een van die teologiese studente van Tukkies, ene **Cobus van Wyngaard**, kan die vernietigende uitwerking van die *Emergent*- en vorige teologiese dwaalstrome op die geloof en denke van studente duidelik gesien word. Na wat verneem word is sowat negentig persent van die teologiese studente by Tukkies reeds deur hierdie dwalinge meegesleur. **Leonard Sweet** het ook reeds lankal by Tukkies opgetree en heelwat **predikante in SA opgelei** volgens die "nuwe" paradigma.

Die misleiding van die *Emerging Church* word tans op 'n groot skaal deur die **kerklike media** in die Suid-Afrikaanse Christelike gemeenskap ingedra. Tydens 'n reeks programme op **Radiokansel** het **prof Stephan Joubert, dr Gustav Claasen** en ander predikante, die insigte van *Emergent* leiers soos oa Leonard Sweet en Rob Bell voorgehou as die antwoord vir die kerk van vandag. Op **prof Jan van der Watt** se Bybelprogramme op beide RSG en Radiokansel, het **prof Pieter de Villiers**, professor in

Spiritualiteit by Kovsies, die boeke en kontemplatiewe spiritualiteit van oa **Thomas Merton,** ongekwalifiseerd gepropageer. Merton was 'n Intergeloofs-mistikus wat gelyktydig 'n Rooms Katolieke monnik en 'n Boeddhis was. Merton het gesê **"I see no contradiction between Buddhism and Christianity….I intend to become as good a Buddhist as I can."** Die reeks ***Nooma*** **DVD's van Rob Bell** vorm die sentrale tema van 'n nuwe reeks Christelike TV programme op SABC 2 getiteld ***Ware Noord.*** Van die **mees prominente Christenleiers en teoloë in SA** word op *Ware Noord* gebruik om insette te lewer en positief aan te sluit by Rob Bell se boodskap. In die winkels van **CUM Boeke** rol die rande in, danksy die blitsverkoper boek ***The Shack***, waarin 'n tipiese Emergent / New Age verdraaing van die Drie-Eenheid verkondig word. "God die Vader" is 'n swart vrou wat as ***"Pappa"*** bekend staan. Dit herinner sterk aan die *Black Madonna* en die Vader / Moedergodin van die Paganisme en Shamanisme. Die "Heilige Gees" is 'n Oosterse vrou genaamd ***"Sarayu".*** *Sarayu* is 'n mitologiese stroom heilige water wat uit die geboortestad van die Hindoe god, Rama, vloei. Die "Jesus" in *The Shack* is 'n ***Intergeloofs panteïstiese "Jesus"*** **wat ontken dat hy die enigste weg tot die Vader is.** Wêreldwyd is die ganse "Christendom" in vervoering oor die boek – ook hier in SA. Op talle radio- en TV-programme word die boek deur vooraanstaande Christenleiers en teoloë aanbeveel. Dit loop soos 'n veldbrand deur die land.

Van regoor die land verneem ek van gemeentes waar die dominee die gemeentelede inlei in verskillende vorme van **meditasie, kontemplasie, sentreringsgebede, Rooms Katolieke rituele, die loop van labarinte,** ens. By een gemeente moes hulle selfs 'n tipiese New Age **"Ek Is" mantra** opsê. Orals word **Rob Bell se *Noomas*** in kerke vertoon. ***The Shack*** word vir kinders aanbeveel in die katkisasieklas. **Talle gemeentes skeur uitmekaar** agv die "nuwe postmoderne manier van kerkwees". **Die Christene wat onderskei wat aan die gang is, word as "resisters" en "moeilikheidmakers" geidentifiseer en uit die gemeentes uitgewerk**, terwyl die slapende meerderheid niks agterkom nie en rustig voortgaan met "kerk". Daar is talle voorbeelde hiervan. **Gemeentelede wat hierdie dwalinge uitwys en klagtes daaroor lê, kom meestal agter dat hùlle in die beskuldigde bank opeindig en die skuldiges vrygespreek word.**

Die mees ontstellende aspek van die *Emergent* infiltrasie, is dat hulle **veral die kerklike jeug van die wêreld in hulle visier het.** ***Youth Specialties*** is 'n multi-biljoen dollar *Emergent* jeugorganisasie wat internasionaal opereer. In hulle gratis kursusmateriaal, wat wêreldwyd deur jeugleiers en -predikante van hulle massiewe webtuiste afgelaai word, propageer hulle oa **mistieke Oosterse meditasie praktyke, homoseksualiteit en masturbasie.** Volgens hierdie webtuiste moet **jongmense egter hulle masturbasie na 'n "dieper" geestelike vlak neem deur hulle gedagtes op "God" te fokus wanneer hulle masturbeer!** Toe my eie dogter onlangs saam met die jeuggroep van 'n groot bekende NG Gemeente op 'n jeugleierskursus wou gaan, moes ons uitvind dat die betrokke **jeugleraar van die opleidingskursusse van *Youth Specialties* gebruik maak.**

DIT HET LAAT GEWORD VIR DIE KERK IN HIERDIE LAND – LATER AS WAT ONS DINK! Ek wil u verseker – die tekens van die groot geestelike afval waarna ek hierbo verwys het, verteenwoordig maar net die **punt van 'n veel groter ysberg van Antichristelike Infiltrasie** wat reeds ons ganse samelewing en die kerk deurtrek het. Onthou die waarskuwende woorde van die Here Jesus aan Sy gemeente in Sardis: ***"As jy nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief…"*** Ons kan nie langer bekostig om te **bekommer oor "die goeie naam" van ons Kerk en sy leiers terwyl ons die Naam van die Here van die Kerk deur die modder sleep nie!** Ons kan nie langer ons eie naaktheid met vyeblare probeer verberg en voortgaan om **gruwelike Antichristelike dwaalleer toe te smeer** en as "Nuwe Teologie" te herinterpreteer nie. Die Skrif sê: ***"…moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak"*** (Ef 5:11) Ons en ons kinders kan nie langer bekostig om soos blinde volgelinge van blinde leiers na 'n geestelike afgrond voort te strompel nie. Jesaja het tereg gesê: ***"Dié wat oor my volk moet waak, is almal blind, hulle weet niks nie (OV: hulle merk niks op nie) Hulle is almal stom honde, hulle kan nie blaf nie… Hulle is herders sonder insig…"*** Oor die tragiese geskiedenis van die geestelike verval van die Kerk van Christus, kan ons maar net die woorde van Hosea 4:6 in groot rooi letters skryf: ***"My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal ek jou verwerp…"*** **Moenie langer onkundig bly nie. Kom sluit by ons aan vir 'n Inligtingseminaar op Saterdag, 28 Feb 2009 en kom gesels saam oor wat ons nou te doen staan te midde van hierdie krisis in die Kerk. Verdere inligting is hierby aangeheg. ➔➔➔**
Groete in Christus, Sarel van der Merwe, WTL Multimedia Bedieninge.

PROGRAM VIR SEMINAAR OOR DIE "EMERGING CHURCH"

8h00 – 9h00 **Registrasie** (R 150 per persoon – Ete en verversings ingesluit)

9h00 – 10h45 **SESSIE 1 – INLEIDING:**

- **POSTMODERNE GEESTESSTROMINGE IN ONS TYD:** Opwindende Wêreldwye Spirituele Herlewing? "Nuwe Reformasie"? Nuwe "Ontluikende Kerk"? **OF** groot eindtydse afval en misleiding, Antichristelike infiltrasie van die Kerk en die opkoms van 'n Neo-Babiloniese Eenwêreldgodsdiens ? Is God besig om die Kerk te oordeel en oor te gee aan die mag van dwaling om die leuen te glo?
- **WAT MOET ONS TE WAGTE WEES IN DIE "LAASTE DAE"? –** Profetiese openbarings en waarskuwings vanuit God se Woord.
- **"NUWE" STROMINGE IN DIE KERK** beoordeel teen die breëre agtergrond van die dekadelange Oosterse Neo-Paganistiese infiltrasie van die Weste.
- **"NUWE" CHRISTOLOGIEË, WÊRELD- EN GODSBEELDE:** "Nuwe teologiese insigte" **OF** eeue oue "New Age" aanslag van Satan teen die ware God en die Persoon en verlossingswerk van die Bybelse Jesus?
- **HOE ONDERSKEI ONS TUSSEN WAARHEID EN DWALING ?** Waar presies loop die skeidslyn? Wat is die kenmerke van dwaalleer?

10h45 – 11h15 **Tee / Koffie en Verversings**

11h15 – 13h00 **SESSIE 2 – DIE "EMERGING CHURCH":**

- **DIE "OPKOMENDE", "ONTLUIKENDE", "EMERGING CHURCH":** Netwerk van leiers en rolspelers – vanuit die verlede tot vandag.
- **DIE ONTLUIKENDE KERK:** Wat behels die "Nuwe Postmoderne Paradigma" en die "herverwoording" van die Evangelie volgens hierdie paradigma?
- **DIE ONTLUIKENDE KERK:** "Nuwe Reformasie" **OF** New Age- en Intergeloofs Infiltrasie van die Kerk?
- **DIE ONTLUIKENDE KERK:** "Nuwe model" vir kerkwees in 'n postmoderne tyd **OF** 'n terugkeer na eeue oue Rooms Katolisisme en Mistisisme?
- **DIE ONTLUIKENDE KERK:** Moet ons die "Koninkryk van God" hier en nou op aarde laat kom **voor** Jesus se wederkoms?
- **"CHRISTELIKE" MISTISISME, MEDITASIE EN KONTEMPLASIE:** Kortpad na ware "eenwording" met Jesus **OF** 'n deur na 'n valse onbybelse "Jesus"?

13h00 – 14h00 **Middagete**

14h00 – 15h45 **SESSIE 3 – INFILTRASIE VAN DIE KERK IN S.A.**

- **"EMERGENT" INFILTRASIE:** Die tragiese dag toe "behoudende teoloë" en "blinde herders" die skaapkraal se hekke vir "wrede wolwe" oopgegooi het.
- **"EMERGENT" INFILTRASIE:** Kerke, Teoloë, Teologiese Fakulteite, Christelike Media en Webtuistes in S.A. wat die "Emerging Church" propageer.
- **"EMERGENT" INFILTRASIE:** Kommerwekkende fokus op die Kerklike Jeug van SA.
- **"EMERGENT" INFILTRASIE – WAT STAAN ONS NOU TE DOEN?** Moet ons saamgaan met die postmoderne vloedgolf? Moet ons vasskop en teruggryp na ou Teologiese en Kerklike modelle? **OF IS DAAR 'N ANDER UITWEG ???**

15h45 – 16h30 **Vrae, bespreking en afsluiting.**

LW: Die aanbieding sal deurgaans ondersteun word deur insiggewende dokumentêre oudio-visuele materiaal van oa uitsprake van die betrokke persone Verskillende DVD's oor Dwaalleer in die Kerk en Teologie sal te koop wees.